# Aldo & sy seun Elisio Rech se Zambië jag - Sep 2009

Ek het in die Lunga Busanga konsessie in Zambië gejag saam met Elisio aan die einde van September 2009. Meegaande die fotos van Elisio se luiperd, swartwitpens, Defassa waterbok en Puku asook my buffel.

Ons het baie baster gemsbokke gesien, maar ongelukkig was my skoot op 'n groot bul nie raak nie. Te min tyd vir Siitutunga, maar ons het twee namiddae in die "Blind" deurgebring en baie vroulike diere gesien.

Ander spesies wat beskikbaar is om te jag is leeu, olifant, rooi lechwe, lichtensteins hartebeest, eland, koedoe, blouwildebees, baster gemsbok, sitatunga, vlakvark, rietbok, bosvark, chobe, bosbok, grys duiker, geelrug duiker (die enigste plek in Zambië waar hierdie dier voorkom), zebra, sharpes grysbok, rooibok, hiëna.

Ons het ook jagluiperds, wilde honde en 'n tierboskat gesien. 5 nuwe voëlsoorte insluitend Pels fishing owl, black crowned barbet, wattled crane, penant winged night jar, pink throated twinspot.

Uitstekende visvang in Lunga rivier. 5 spesies kurper (bream) asook Kafue pike.

Groete
ALDO



Elisio met 'n "Oom" van 'n luiperd





Elisio se puku



Elisio - Swartwitpens



Die Lunga Busanga



Aldo Met buffel



Elisio - Defassa waterbok